# SEKTOR-POLISIËRING

"Kom ons vat polisiëring na die gemeenskap toe"




South African Police Service

# WAT IS SEKTORPOLISIËRING?

Jou platform om in vennootskap met die polisie te werk om die oorsprong van misdaad in jou area aan te spreek.

### Die doel en doelwitte van sektorpolisiëring is om -

- voorvalle van misdaad te voorkom
- sigbare en toeganklike polisiëring deur bekende, plaaslike polisiebeamptes aan te moedig
- die Suid Afrikaanse Polisiediens (SAPD) nader aan die plaaslike gemeenskap te bring
- in noue samewerking met die plaaslike gemeenskap te werk
- interaksie tussen die gemeenskap en die SAPD te verbeter
- vennootskappe met die gemeenskap te vorm
- die polisie in staat te stel om plaaslike probleme te verstaan deur die onderliggende oorsake daarvan te identifiseer, en te help om dit aan te spreek
- 'n kwalititeit diens met die ondesteuning en goedkeuring van die gemeenskap te lewer
- die vertroue en geloof in die polisie te verbeter
- die SAPD se aanspreeklikheid aan die gemeenskap te verbeter
- dienslewering aan die gemeenskap te verbeter
- om die vrye vloei van inligting tussen die SAPD en die gemeenskap te verbeter ten einde die SAPD se reaksietyd, ondersoek, konflikoplossing en die gemeenskap se vertroue in die SAPD te verbeter.



### Wat is die rol van die sektorbevelvoerder?

- Om die gemeenskap in die sektor te mobiliseer om saam met die SAPD aksie te neem teen plaaslike misdaad.
- Om te skakel tussen die sektor se gemeenskap en hul plaaslike polisiestasie.
- Om as misdaadvoorkomingsbeampte op te tree, wat om verantwoordelik te wees vir alle planne en projekte om misdaad in die sektor aan te spreek, insluit.

### Wat is die rol van die gemeenskap?

- Om eienaarskap van gemeenskapspolisiëring te neem
- Om die SAPD met die implementering van sektorpolisiëring te ondersteun
- Om sektorforumvergaderings by te woon
- Om misdaadverwante probleme/uitdagings op plaaslike vlak met die SAPD te deel
- Om gesamentlik oplossings te identifiseer om hierdie probleme/uitdagings aan te spreek
- Om aksieplanne met die sektorbevelvoerder te bespreek, ten einde misdaad en die oorsake daarvan in die sektor, te bestry
- Om deel te neem aan buurtwaginisiatiewe
- Om die area waarin jy woon en werk, te beveilig
- Om as die oë en ore van die SAPD te dien
- Om suspisieuse gedrag aan lede van die SAPD by die polisiestasie te rapporteer



### Strukture vir gemeenskapsbetrokkenheid in polisiëring

- Reserviste (SAPD)
- GPF (Suid Afrikaanse Polisiedienswet, 1995 (Wetnr 68 van 1995)
- Gemeenskapspatrolliegroepe
- Buurtwagstrukture
- Straatkomitees

### Die verskil tussen reserviste en gemeenskapsveiligheidstrukture

- Reserviste -
  - word aangestel in terme van artikel 48 van die Suid-Afrikaanse Polisiedienswet, 1995 (Wetnr 68 van 1995)
  - het dieselfde magte as lede van die SAPD, met ander woorde, om arrestasies en ondersoeke te doen.
  - ontvang opleiding oor onder andere vuurwapens, regsaspekte, basiese polisiëringsfunksies- en prosedures.
- Gemeenskapveiligheidstrukture
  - is geaffilieer met die gemeenskapspolisiesubforum.
  - het beperkte magte, soos burgerlike arrestasie.
  - kry beperkte opleiding, soos die basiese kennis van wette, gemeenskapspolisiëring en misdaadtoneelhantering.




### Operasionele funksies van die gemeenskapsveiligheidstrukture

- Die oë en ore van die SAPD
- Soos nodig, doen 'n burgerlike arrestasie in terme van artikel 42 van die Kriminele Proseswet, 1977 (Wetnr 68 van 1977)
- Verrig patrolliedienste wat dien as misdaadafskrikmiddel
- Bewaar misdaadtonele wanneer eerste op toneel arriveer.
- Fasiliteer goeie verhoudings in die buurt
- Lewer 'n vrywillige diens
- Rapporteer misdaad en misdaad wat aan die gang is aan die SAPD
- Om misdaadvoorkomingsbewustheid by lede van die gemeenskap aan te wakker.

